

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die Lewende Torah is. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 15: *Bo* – Gaan

יהוה het vir Moshe gesê: “Gaan na Farao toe, want Ek het sy wil, emosie en verstand, asook die wil, emosie en verstand van sy diensknegte verhard sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan uitvoer en sodat jy voor die ore van jou kind en jou kindskind kan vertel hoe Ek 'n bespotting van die Egiptenare gemaak het en van My tekens wat Ek onder hulle gebring het sodat julle kan weet dat Ek יהוה is.” Ex. 10:1 en 2 – PWL¹

Torah: Exodus 10:1 tot 13:16.

Haftorah: Jer. 46:13 tot 28.

Nuwe Verbond: Lukas 2:22-24; Joh. 19:31-37; Hand. 13:16-17; 1Kor. 11:20-24; Open. 8:6-9:12; Open. 16:1-21.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 15 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

It is the one who does what God commands to whom God can entrust His work, whom God can use to be a type of saviour to others. – Andrew Murray.

Beware of praying only for a blessing. Let us seek first obedience, and God will supply the blessing. Our constant question should be “How can I obey and please God perfectly”? — Andrew Murray.

When you kill time, remember that it has no resurrection – A.W. Tozer.

Always remember that Satan likes a counterfeit that looks as close to the original as possible! – Anonymous.

For a small reward, a man will hurry away on a long journey; while for eternal life, many will hardly take a single step – Thomas a'Kempis.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

A clear conscience is absolutely essential for distinguishing between the voice of God and the voice of the enemy. Unconfessed sin is a prime reason why many do not know God's will. –

Winkie Pratney

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing het die eerste sewe van die tien strafgerigte (oordele; plae) teen Mitzrayim plaasgevind, maar Farao se hart was steeds verhard gewees!

Die rede hoekom God vir Mitzrayim met tien oordele gestraf het, was ook bespreek, naamlik dat elkeen van die tien oordele was 'n teenbeeld, naamlik die negatiewe van God se Skepping. Dit beteken dat יהוה vir Yisra'el so lief gehad het dat Hy selfs bereid was om Sy Skepping *tydelik ongedaan te maak!*

Die tien oordele was om God se Almag vir Farao te wys en om God se Karakter en Outoriteit op die hele aarde te verklaar! יהוה is Skepper-God wat alles wat Hy geskape het kan vernietig en weer kan herskep! Hy is El-'Olam; die Ewige Magtige God!! “Hy tel die getal van die sterre; Hy noem hulle almal by die naam. Ons Meester is groot en Sy krag is groot; Sy insig is oneindig” (Ps. 127:4-5).

‘n Nuwe Begin

Die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing is die instelling van Pesag (die Pasga; Paasfees) wat as 'n nuwe begin vir Yisra'el beskou kan word en wat 'n heenwysing is na die Lam van God, asook 'n sinnebeeld van wedergeboorte is!

Hierdie nuwe begin was die vertrou in die geslagde lam en sy bloed aan die deurkosyne tot verlossing van die slawejuk van Mitzrayim. Elke vlekkelose lammetjie wat per huisgesin teen die aand van die veertiende dag van die eerste maand geslag was, en die bloed waarvan aan die deurkosyne gesmeer was, was 'n getuienis van vertrou in יהוה en van Sy se belofte aan Avraham dat in hom sal al die geslagte van die aarde geseën word (Gen. 12:3; Gen. 18:18; Gen. 22:18 en Gen. 26:4).

Daarom kan die belangrikste gebeure van die Boek van Exodus ondermeer in vier woorde opgesom word, naamlik: Pesag, Rietsee, Sinai en ‘Man hu’ (Manna). Elkeen van hierdie vier woorde is ook 'n sinnebeeld van een stap in יהוה se plan om die verhouding met die mens te herstel, naamlik:

- Pesag – 'n sinnebeeld van wedergeboorte (Joh. 3:1-6 en 36).
- Rietsee – 'n sinnebeeld van die waterdoop deur onderdompeling en die waterbad van die woord (Efes. 5:26).
- Sinai (*Shavuot*) – 'n sinnebeeld van יהוה se Torah wat in ons verstand gegee is en op ons harte geskrywe is (Heb. 8:10), asook 'n sinnbeeld van die gee (uitstorting) van die Afgesonderde Gees (Hand. 2:1-13) wat ons sal bemagtig om gehoorsaam te wees (Joh. 14:26).
- ‘Man hu’ – 'n sinnebeeld van die Woord waarmee ons gevoed word en 'n leefwyse van onpartydige opregtheid deur Torahgehoorsaamheid soos dit in Yeshua, dié Gesalfde Een vervolmaak is en in die nuwe verbond uiteengesit word. Soos Yisra'el

die Torah van Moses moes volg tot Yeshua se koms, so moet ons die Torah van Yeshua van die Malki-Tzedek orde volg tot Yeshua se wederkoms.

Yisra'el se 'wedergeboorte' was die eerste Pesag en die bevryding van die slawejuk van Mitzrayim was 'n nuwe begin om יהוה waarlik te ken. Yisra'el het by Sinai aangekom sodat יהוה Homself opnuut aan Sy volk kon openbaar as die God van Avraham, Yitz'gakov en Ya'akov!

Indien Yisra'el na יהוה se stem sou luister en Hom gehoorsaam, sou hulle 'n spesiale skat vir Hom wees, asook 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde volk (Ex. 19:5).

Net so is wedergeboorte deur vertroue in Yeshua as Verlossing vir ons die begin van 'n lewe waar ons na יהוה se stem – die Afgesonderde Gees – moet luister met die doel om in alles gehoorsaam te wees. Dan sal ons ook 'n gekose nasie wees om as priesters volgens die orde van Malki-Tzedek, en onder die Hoofprietenskap van Yeshua, in die hemelse Koninkryk van יהוה te dien (1Pet. 2:9; Heb. 7:11 tot 17).

Dan is ons ook 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry (soos Yisra'el van ouds), om die lofpysing van Hom, wat ons uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, ons wat voorheen geen volk was nie, maar nou die volk van God is.

9 Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofpysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,

10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. (1 Pet. 2:9 en 10).

Geestelike Duisternis!

Ons lees in Ex. 10:21-23 van die negende strafgerig van duisternis – 'n duisternis wat voelbaar was!

21 יהוה het vir Mosheh gesê: “Steek jou hand uit na die hemele toe en daar sal duisternis oor die land van Mitzrayim kom; duisternis wat 'n mens selfs kan voel.”

22 Mosheh het sy hand uitgesteek na die hemele en daar was 'n dik duisternis oor die hele land van Mitzrayim vir drie dae lank.

23 Hulle het mekaar nie gesien nie en niemand het van sy plek af opgestaan vir drie dae nie, maar al die kinders van Yisra'el het lig in hulle huise gehad.

Hierdie duisternis was nie die normale nie, maar bonatuurlik wat ononderbroke vir drie dae geduur het! Dit was van so 'n aard dat selfs lampe, fakkels en vuur nie die donkerte kon verlig nie! Daarom kon hulle mekaar nie gesien het nie en niemand het vir drie dae van sy plek af opgestaan nie!! Hierdie duisternis was van so 'n aard dat dit met algehele blindheid vergelyk kan word! Maar die Yisra'eliete het lig in hulle huise gehad!

Wat is die geestelike betekenis van hierdie negende plaag?

Eerstens weet ons dat volgens die Skrif simboliseer duisternis geestelike blindheid en lig simboliseer die openbaring van יהוה-God en die lig van die Waarheid! Daarom lees ons in 1Joh. 1:5 dat God is Lig en daar is absoluut geen duisternis in Hom nie (1Joh. 1:5). En ons lees ook in Joh. 1:4-5 die volgende:

⁴ In Hom was die Lewe en die Lewe was die Lig vir die mense.

⁵ Daardie Lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

Tweedens weet ons dat in antieke Mitzrayim was die god van die son, Ra (Amun-Ra), die belangrikste god wat ook geheers het oor die panteon (die godewêreld) van Mitzrayim. Daar was geglo dat Ra elke oggend in die ooste “gebore” word en dan teen die aand in die Weste “sterf”. Daarom het die westekant van die Nyl bekend gestaan as die land van die dooies! Daar was geglo dat Ra gedurende die nag deur die duisternis van die onderwêreld gereis het.

Daarom was die negende oordeel ‘n bewys van God se oorwinning oor die god van die son – oorwinning oor die god van die gode van Mitzrayim! יהוה-God het bewys Hy is El-‘Elyon (Die Allerhoogste Magtige God) en El-Gibbor (Magtige God van krag). יהוה is dié God van die gode en Meester van die meesters; die groot Magtige God, kragtig en gevrees (Deut. 10:17 en soos ook bevestig word deur Jos. 22:22, Ps. 50:1 en Ps. 136:2).

Die negende oordeel is ook ‘n sinnebeeld van die geestelike duisternis waarin Mitzrayim vasgevang was. ‘n Blindheid waar geestelike lig nie ‘n verskil gemaak het nie! Yisra’el was die fisiese slawe van mense, maar Mitzrayim was die geestelike slawe van hulle afgode. Yisra’el was geestelik vry en deel van die Koninkryk van Lig, maar Mitzrayim was geestelik gevange geneem deur die magte van die bose en deel van die koninkryk van duisternis!

Mense wat geestelik blind is weens hardheid van hart, weet nie, en sal nie erken of herken, dat hulle in gevangenskap is nie! Hulle is so oortuig dat hulle reg is dat daar geen besef is dat hulle mislei is nie. Die leuen het vir hulle die waarheid geword! Daarom sal die Lig van geestelike Waarheid geen verskil aan hulle geestelike duisternis maak nie. Dit kan vergelyk word met lig wat geen verskil maak in die lewe van iemand wat fisies totaal blind is nie!

Onthou! Die gevaarlikste geestelike blindheid is nie in terme van wat ons nie weet nie, maar in terme van wat ons dink en glo ons weet! Daarom herinner Sha’ul ons in Kol. 1:12-13 aan die volgende:

¹² Dank God-die-Vader wat ons waardig gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die afgesonderdes in die lig.

¹³ Hy het ons gered uit die outoriteit van die duisternis en ons gebring na die Koninkryk van Sy Seun, wat Hy lief het,

Bepeins of Bespreek

1. Ons almal ken die frustrasie van mense wat nie geestelike waarhede wil hoor nie, ten spyte van ons pogings. En dikwels verstaan ons nie waarom hulle nie ontvanklik is vir die waarheid nie! Maar ons moet onthou dat die hardheid van hart, en derhalwe geestelike blindheid, die wilsbesluit is van die persoon. Soos ons in die vorige Torahskriflesing bespreek het, was Faraos hardheid van sy hart sy eie wilsbesluit wat God gerespekteer het. As God nie die wil van ‘n mens kan verander nie, dan sal ons beslis dit ook nie reg kry nie! Daarom is ons taak om net die saad van die waarheid te bly saai in vertroue dat dit op vrugbare grond sal val en sal ontkiem om uiteindelik vrug van waarheid te dra. Onthou: Ons kan tel hoeveel sade daar in een appel is, maar ons kan nie tel hoeveel appels daar in een saad sal wees nie. Jy saai in vertroue dat daardie een saadjie ‘n boom sal word wat vele vrug sal dra! Lees weer die gelykenis van die saaiër in Matt. 13:1-23 en let veral op verse 19-23.

Konfronteer Farao!

Hierdie week se Torahskriflesing begin in Exo. 10:1 met יהוה se opdrag aan Mosheh: *Gaan na Farao toe..!* Mosheh moes weereens na Farao teruggaan en vir hom sê:

So sê יהוה, die God van die Hebreërs: ‘Hoe lank sal jy weier om jou voor My te verneder? Laat My volk gaan dat hulle My kan dien. Ex. 10:3.

Moses moes telkens vir Farao konfronteer in die vertroue dat hy sou luister na God se woord en vir Yisra’el sou vrylaat!

Na die agste oordeel van sprinkane het Farao “haastig vir Mosheh en Aharon laat roep en gesê: “Ek het gesondig teen יהוה, julle God en teen julle; daarom, vergeef nou asseblief net dié keer my sonde en tree in by יהוה, julle God sodat Hy slegs hierdie dood van my af wegvat.” (Ex. 10:16-17). Farao het erken en herken dat hy teen die God van Yisra’el gesondig het, want hy was nie gehoorsaam aan God se opdrag nie!

Maar hierdie was nie Goddelike berou nie, want na die sprinkaanplaag verdwyn het, was Farao se hart steeds verhard gewees! Daarom het God die negende plaag van drie dae duisternis oor Mitzrayim gestuur, maar weereens het Farao teen God gesondig deur te weier om Yisra’el vry te laat! Eers met die tiende oordeel van die dood van eersgebrones, toe God bewys het dat Hy die God is wat die mag oor lewe en dood het, het die koning hom onderwerp aan God.

Ons weet dat Farao en Mitzrayim ook ‘n sinnebeeld van sonde is. Daarom is die feit dat Mosheh telkens vir Farao moes konfronteer ‘n sinnebeeld van ons wat die sonde in ons lewe moet konfronteer tot ons vry van die sonde is. Ons gaan ook na die “Farao van sonde” wat in in ons lewe heers met die Woord van God wat sê dat ons in Yeshua dood vir die sonde is en daarom vrygelaat moet word! Sha’ul verduidelik dit soos volg:

- 8 As ons daarom saam met Die Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met Die Gesalfde Een sal lewe
- 9 omdat ons weet dat Die Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en die dood geen outoriteit oor Hom het nie.
- 10 Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God.
- 11 Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een.

Maar ons tree op met die vertroue en outoriteit in Yeshua ons Meester deur wie, en in wie, ons reeds oorwin het! Ons konfronteer die vader van sonde (“Farao”) nadat ons ons in gehoorsaamheid aan God se Torah onderwerp het, en dan sal die teenstander jou vrylaat, want hy sal van jou wegvlug (Jak. 4:7). Soos Sha’ul dit verder in Romeine 6 verduidelik:

- 12 Die sonde sal daarom nie in julle dooie liggame heers, asof julle aan sy begeertes gehoorsaam sou wees nie.
- 13 Moet ook nie julle lede aanbied as wapens vir boosheid tot sonde nie, maar bied julleself aan vir God as mense wat uit die dood uit lewend is en julle lede sal wapens wees vir die onpartydige opregtheid van God.
- 14 Sonde het nie outoriteit oor julle nie, want julle is nie onder die geskrewe wet nie, maar onder onverdiende guns.

Ons is nie onder die geskrewe wet nie, want deur die onverdiende guns in Yeshua is die skuldbrief teen ons vereffen toe dit aan die folterpaal gespyker was (Kol. 2:14) en nou het die teenstander geen reg om van jou 'n slaaf te maak nie. Die Seun het ons vrygemaak en daarom is ons waarlik vry (Joh. 8:36).

Opsommend kan die konfrontasie met Farao soos volg verduidelik word: Die opdrag aan Mosheh om na Farao te gaan is יהוה-God se eeu-oue opdrag wat in die nuwe verbond herhaal word. Soos Mosheh na Farao moes gaan, en soos Yisra'el uit Egipte moes gaan, so is die opdrag aan ons elkeen ook om te gaan.

Eerstens moet ons uit Mitzrayim, naamlik uit die wêreld van sonde gaan deur vertrouwe in Yeshua as die Lam van God tot sondevergifnis en versoening met יהוה. Maar dit behels ook dat 'Mitzrayim' uit ons moet gaan, naamlik om ons af te sonder (te heilig) as יהוה se koninklike priesterdom (1Pet. 2:9-10) volgens die orde van Malki-Tzedek! Daarom die opdrag en waarskuwing soos Yeshua dit aan Johannes openbaar het:

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4.

Die opdrag is dat ons geen deel aan geestelike hoerery, soos deur Babilon gesimboliseer word, mag hê nie! Ons moet uit 'Mitzrayim' gaan en 'Mitzrayim' moet uit ons gaan! Dit vind plaas wanneer ons ons hele wese aan God beskikbaar stel sodat ons vernuwing van ons denke, emosie en wil kan ondergaan.

¹My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

²en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Rom. 12:1 en 2.

Bepeins of Bespreek

1. Een van die daaglikse gebede van feitlik almal in die Christendom is: "vergewe my (ons) sondes". Maar hoeveel van dié wat hierdie gebed bid, verstaan wat sonde is? Leer die kerk hulle lidmate wat sonde is? Die kort, maar duidelike definisie van sonde vind ons in 1Joh. 3:17 en 5:17. Hoe kan diegene wat bely dat hulle deur vertrouwe in die onverdiende guns van sondevergifnis deur die folterdood van Yeshua (Jesus) gered is, dan aanhou sondig deur byvoorbeeld die gebod van die Shabbat te minag? Daar word vergeet wat geskryf is in Spr. 28:9 en Hebr. 10:26-31. Onthou ook wat Sha'ul in Rom. 6:1-2 gesê het! Verwys ook Kol. 3:1-3.
2. Wat is die verskil tussen Goddelike berou en wêreldse berou? Is wêreldse berou om berou te hê oor die gevolge van die sonde, terwyl Goddelike berou is om berou te hê oor die oorsaak van die sonde? Wat is die oorsaak van sonde?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.